## Cyrenius se twyfel oor die aardse orde van sielsontwikkeling

**160** Cyrenius sê: "Meester, U enig Wyse en Regverdige, hierdie geskiedenis is vir my nou volkome duidelik, want ek sien in die ontstaan en die ontwikkeling van die natuur hierdie van U uitgaande waarlik goddelike kunswerk, ek sien U ewige orde, en sien ook dat binne so `n orde vir U alleen alle dinge moontlik is. Maar by dit alles bly één ding vir my regtig bietjie duister, en ek kan nadink soos ek wil, dit wil vir my tog nie helderder en duideliker word nie.

[2] Ek begryp naamlik nog steeds nie waarom ons menslike siel, vóór sy oorgaan in die volledige, intelligente, menslike vorm, heeltemal verdeel in duisend maal duisend plante, ja selfs in minerale, en in meer as die dubbele aantal diere moet bestaan nie. Sy moet dus vóór sy `n volmaakte mensesiel word, eers uit die gesteente - en wie weet waaruit nog meer - deur weerlig in `n sekere sin na buite gebrand en deur reën vervolgens na buite gedryf word! Daarna gaan hierdie s ie l s v e r h u i s i n g s- en sielsversamelingsgeskiedenis baie traag en langsaam deur die hele plante- en dierewêreld heen, en ten slotte val die aankomende, sterk mensesiel nog die eer te beurt om in minstens twintig osse gedood en geslag te word, en ook nog in, sê maar, honderd skape, kalwers en donkies. Dit noem ons Romeine `n harde leer!

[3] Is Elohim dan nie in staat om dadelik `n volmaakte mensesiel te skep en dit dan met vlees en bloed te beklee nie? Waarom moet dit so stadig gaan? Kyk eers na RafaEl! Wat kom hy nog kort vir `n volmaakte lewe? Ons, saamgeraapte siele, wat stel ons voor vergeleke met hom. Het hy in sy pinkie nie meer mag en wysheid as ons in ons hele liggaam wat uit legioene saamgestel is nie? Ek sou die ondergang van duisend legioene van die meeste beproefde krygers nie graag wou sien nie; in `n oogwink sou hy hulle almal tot stof vermorsel! Dit noem ek eers `n bekroning van die lewe! As U aan hom hierdie mag kon gee, waarom dan nie aan `n mensesiel nie. Of het sy gees ook as siel eers so `n verskriklike tog moes maak, deur wie weet hoe ontelbaar vele fases? Daar, o Meester, bevind ek my in die duister! Gee ook daar die regte lig, dan sal ek U sekerlik nie verder met so `n dom vraag lastig val nie!

[4] In Moses staan byvoorbeeld: 'En JaHWeH Elohim maak die mens uit `n klont aarde, en Hy blaas die lewende asem in sy neus. En so word die mens `n lewende siel.' As mens letterlik sou mag aanneem wat daar staan, sou U as Elohim volgens hierdie weliswaar baie duistere woorde die mens tog wel `n reeds volmaakte siel deur die neusgate ingeblaas het, en die hele mens sou dan na U gelykenis `n volmaakte siel geword het. Maar die een is al net so onverstaanbaar as die ander. Daarom vra ek U namens ons almal, ook al is dit maar heel beskeie, om enige opheldering te gee!"

[5] Ek sê: "Ja, beste vriend Cyrenius, as jou geheue jou af en toe reeds op bepaalde punte in die steek begin laat, kan Ek niks daaraan doen nie; want wat jy nou sou wou weet, het Ek julle lankal heel uitvoerig uitgelê! Jy het dit maar net vergeet; Ek sal jou geheue bietjie verfris, dan sal alles vir jou wel duidelik word!"

[6] Cyrenius sê: "Ja, ja Meester, U het altyd gelyk! Ek weet dit nou alweer; op hierdie berg en in hierdie nag is alles aan ons haarfyn uitgelê toe ons almal deur die magiese lig van die ligbol die wording van alles en selfs die uitstroming van U gedagtes en idees, hul oneindige verskeidenheid, en selfs ons hoogs eie gedagtes in die vorm van vurige tonge en tongetjies voor ons gesien sweef het! Ja, ja, dit alles het ons nie slegs reeds gehoor nie, maar ook duidelik gesien!"

## Cyrenius kritiseer Moses se skeppingsgeskiedenis

**161** (Cyrenius:) "Maar aan Moses raak ek nieteenstaande alles nie werklik gewoond nie. Daar moet baie in verborge lê wat buitengewoon groot en waar is, maar wie buiten U begryp sy geskrifte?

[2] Veral sy skeppingsgeskiedenis is baie duister! Daar staan byvoorbeeld op een plek: 'Laat Ons na Ons beeld mense maak wat sal heers oor die visse in die see, oor die voëls in die lug, oor die vee en oor die hele aarde en oor die gediertes wat op die aarde kruip!' En Elohim skep die mens na Sy beeld, na Elohim se beeld skep Hy hom; en hy skep `n man en `n vrou. En Elohim seën hulle en spreek tot hulle: Wees vrugbaar en vermeerder julleself en vul die aarde en onderwerp haar aan julle en heers oor die visse in die see, oor die voëls in die lug, en oor al die diere wat op die aarde kruip! En Elohim spreek: Kyk, ek het julle allerlei kruie en plante gegee wat hulle op die hele aarde saai en allerlei vrugbare bome wat hulleself saai om julle te voed, en al die gediertes en alle voëls in die lug en al die kruipende diere wat leef op aarde, om allerlei groenigheid te eet! En so geskied dit. En Elohim sien alles wat Hy gemaak het en kyk, dit was alles baie goed! En uit die aand en die môre ontstaan die sesde dag.'

[3] Met hierdie tekste sou mens die skeppingsgeskiedenis nou as afgehandel moet beskou; maar dit is in die verste verte nie so nie! Verderaan, nadat JaHWeH Elohim Sy skepping orals bekyk het en alles baie goed vind, laat Moses weer deur Elohim die eerste mens uit leem of uit `n klont grond (adamah) maak, en hom deur die neus `n siel inasem, en die mens sou nou heeltemal gereed wees; slegs blyk dit dat Elohim vergeet het dat die man ook `n vrou nodig gehad het!

[4] In die voorafgaande tekste staan weliswaar: 'En

Elohim skep `n man en `n vrou'; maar hier verderaan laat Moses Adam lank alleen wees en laat eers dan deur Elohim tydens `n diepe slaap die eerste vrou uit sy rib skep of maak! Wel, wie dít verstandig en sinvol kan verbind, verstaan beslis meer as ek!

[5] Volgens die eerste tekste laat Elohim Adam en Eva dadelik weet dat hulle sou heers oor die hele aarde en al haar skepsels. Hy seën hulle dadelik; want daar staan: 'En Elohim seën hulle.' En so moes Hy tevore reeds die aarde en al haar skepsels geseën het, want daar staan ook geskryf dat Elohim self alles baie goed gevind het wat Hy geskape het. En wat Elohim Self baie goed vind, kan tog onmoontlik anders as reeds deur die allerhoogste welgevalle van Elohim ook baie geseënd wees!

[6] So lyk in die eerste tekste die hele aarde en die eerste mensepaar in hoë mate geseënd! Maar in die latere tekste sien alles skielik anders daar uit: Die aarde het slegs een bewoonbare tuin, wat weliswaar behoorlik groot moes wees, want in die middel daarvan ontspring dadelik vier van die grootste riviere van Asië. Daar word die eerste man slegs uit leem deur Elohim gemaak en 'n lewende siel word daarna deur die neusgate ingeblaas; hy sien die bome en kruie en plante, die visse in die see, die voëls in die lug en al die diere wat op aarde rondkruip en -loop en hy gee name daaraan.

[7] Maar die insekte, vlieë, bye, wespe, perdebye, skoenlappers en nog `n groot aantal klein lugbewoners, wat mens tog nie kruipende diere kan noem nie, het Moses heeltemal vergeet, netsoos die ontelbare bewoners van die see, die visse nie ingereken nie; want sowel in die lug as onder die hemel praat Hy maar net van voëls en in die see slegs maar van visse. Dít is ook ietwat eienaardig!

[8] Maar laat ons dit nog oorsien, want mens kan onder die begrip 'voël' ten slotte tog wel alles wat die lug bewoon in die mees algemene sin verstaan en onder die algemene begrip 'vis' alle diere wat in die water lewe. Maar of Moses die begrippe wat hy gebruik ook so ruim bedoel het soos dit vir `n regte begrip nodig is, sou ek in geen geval wou beweer nie!

[9] Laat dit wees soos wat dit wil, daaroor sou mens dit in elk geval nog wel eens kon word; maar in die eerste tekste laat hy op die sesde skeppingsdag deur Elohim dadelik na die uitroep van Elohim 'Laat ons mense skep na die beeld van Elohim!' `n man en `n vrou skep, terwyl Hy `n aantal tekste verderaan die man al veel vroeër uit leem gevorm het en die vrou eers baie later uit die rib van die man laat ontstaan, waarby die aarde baie minder geseënd lyk, daar heeltemal geen sprake is van die seëning van die eerste mensepaar nie, hulle inteendeel op straf van dood en vervloeking van die aarde verbied word om van `n bepaalde boom se vrug te eet en die aarde in alle erns vervloek word na die oortreding van hierdie gebod en nou slegs dorings en distels sal dra, en daarbenewens dat die mens moet sterwe en in die sweet van sy aanskyn sy brood sal moet verdien, - ja, daar is van die seën wat Moses in die eerste tekste vermeld, net soos van die daar ewe-eens vermelde groot tevredenheid oor die voltooide werke van Elohim nie die geringste spoor meer te ontdek nie! Ja, baie Goddelike Vriend, dit is tog gewis `n leer wat moeilik is om te verstaan en mens kan daar met die beste wil nie iets daaruit wys word nie!

[10] Eerlik gesê: Wie U, o Meester, is en wat U leer, glo ek meer as rotsvas; maar laat my wat die taamlik warhoofdige Moses betref, liewer met rus! As dit vir U moontlik is om aan my enige uitleg daaroor te gee, dan sou dit vir my goed wees; is dit voorlopig egter volgens U orde nie so maklik uitvoerbaar nie, wel, dan maak dit in elk geval vir my min of niks saak nie! Ek en ons almal het van U af `n volmaakte lig, en ons kan daarom hierdie skynlig van Moses af liewer mis. Wat het ons aan `n leer waarvan ons die oorspronklike waarheid nie kan verstaan nie? Beter één onderrigtende woord wat verstaanbaar is, as tienduisend woorde wat niemand verstaan nie!"